# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / *FEBRUARIE***
**MARCH / *MAART***

**2005**

## BIBLICAL STUDIES

## *BYBELKUNDE*

HG **501-1/0**

**8 pages**
***8 bladsye***

BIBLICAL STUDIES HG

501 1 0 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae. Vraag 1 is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Beantwoord TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C.
- Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming wees met die punte wat toegeken word.

---

## AFDELING A
## VERPLIGTEND

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vrae 1.1 tot 1.15.2 is kort vrae. Skryf die nommer van elke vraag (asook die nommers van die onderafdelings) in jou **antwoordboek** neer en skryf jou antwoord langs elke nommer neer.

1.1 Elkeen van die volgende versgedeeltes of frases dui op 'n besondere kenmerk van een van die evangelies. Identifiseer in elke geval die spesifieke evangelie en watter kenmerk dit is.

1.1.1 "Die mense het in groepe van honderd en in groepe van vyftig gaan sit".

1.1.2 "Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het."

1.1.3 "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."

1.1.4 "Al die mense het Hom probeer aanraak, omdat daar krag van Hom uitgegaan het en Hy almal gesond gemaak het."

1.1.5 "Toe hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop...."

1.1.6 "En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, ..." 6x2=(12)

**GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION**
**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION**

**BIBLICAL STUDIES HG**

**TIME: 3 hours**

**MARKS: 400**

---

**INSTRUCTIONS:**

- Answer FIVE questions. Question 1 is COMPULSORY. All subsections of this question must be answered.
- Answer TWO questions from Section B and TWO questions from Section C.
- The length of your answers should be in proportion to the marks allocated.

---

## SECTION A
### COMPULSORY

### QUESTION 1
### SHORT QUESTIONS

Questions 1.1 to 1.15.2 are short questions. Write the number of each question (including those of the subsections) in your **answer book** and write your answer next to each number.

1.1 Each of the following verses or phrases illustrates a specific characteristic of one of the Gospels. Identify in each case the specific Gospel and the characteristic.

1.1.1 "So they sat down in ranks, in hundreds and in fifties."

1.1.2 "Then Herod, when he had secretly called the wise men, determined from them what time the star appeared."

1.1.3 "In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God."

1.1.4 "And the whole multitude sought to touch him, for power went out from Him and healed them all."

1.1.5 "So when they had rowed about five or six kilometres, they saw Jesus walking on the sea..."

1.1.6 "And I also say to you that you are Peter, and on this rock I will build My church...." 6x2=(12)

1.2 Identifiseer die volgende persone:

1.2.1 Hy was 'n Fariseër wat in die nag na Jesus gekom en gesê het: "Ons weet dat u 'n leermeester is wat van God afgekom het...."

1.2.2 Hy was in beheer van die gemeente by Efese en Paulus het hom herinner aan sy herderlike pligte teenoor gelowiges.

1.2.3 Hy het by die tempel die kindjie Jesus in sy arms gehou en God geprys.

1.2.4 Hy was goewerneur (prokurator) van Judea ten tye van Jesus se verhoor.

1.2.5 Paulus het haar by 'n rivier ontmoet en sy het handel gedryf met pers wolmateriaal.

1.2.6 Hy was agtergelaat om die gemeentes op Kreta te organiseer nadat Paulus die evangelie daar verkondig het. 6x2=(12)

1.3 Definieer elkeen van die volgende terme in **EEN** duidelike sin:

1.3.1 Eskatologie
1.3.2 Kuriake
1.3.3 Parakletos
1.3.4 Evangelie 4x2=(8)

1.4 Noem die name van die gemeentes aan wie die volgende woorde in die boek Openbaring gerig is.

1.4.1 "Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en volharding. Julle kan slegte mense nie verdra nie."

1.4.2 "Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe en tog is julle dood!" 2x2=(4)

1.5 Noem DRIE **Ek is** – uitsprake van Jesus wat in die Evangelie volgens Johannes voorkom. 3x2=(6)

1.6 Wie word naas Paulus ook as skrywer van die brief aan die Filippense genoem? (2)

1.7 Aan wie het Johannes sy drie briewe gerig? 3x2=(6)

1.8 Gee enige DRIE aspekte of kenmerke van Christus se soewereiniteit soos dit gevind word in Openbaring hoofstukke 1 – 3. 3x2=(6)

1.9 Waarom het Paulus aan die gelowiges in Filippi geskryf? Gee TWEE redes. 2x2=(4)

1.2 Identify the following persons:

1.2.1 He was a Pharisee who came to Jesus in the night saying: "We know you are a teacher who has come from God..."

1.2.2 He was in charge of the church at Ephesus and Paul reminded him of his pastoral responsibilities towards believers.

1.2.3 He held the infant Jesus in his arms in the temple courts while praising the Lord.

1.2.4 He was governor of Judea at the time of Jesus' trial.

1.2.5 Paul met her at a river and she was a dealer in purple cloth.

1.2.6 He was left to organise the converts in Crete after Paul had introduced Christianity there. 6x2=(12)

1.3 Define each of the following terms in ONE sentence:

1.3.1 Eschatology
1.3.2 Kuriake
1.3.3 Paraclete
1.3.4 Gospel 4x2=(8)

1.4 Write down the names of the churches to whom the following words were addressed in the book of Revelation.

1.4.1 "I know what you have done; I know how hard you have worked and how patient you have been. I know that you cannot tolerate evil men."

1.4.2 "I know what you are doing; I know that you have the reputation of being alive, even though you are dead!" 2x2=(4)

1.5 Name THREE **I am** pronouncements of Jesus in the Gospel of John. 3x2=(6)

1.6 Whose name, together with that of Paul, is mentioned as the writer of the letter to the Philippians? (2)

1.7 To whom did John address his three letters? 3x2=(6)

1.8 Give any THREE aspects or characteristics of Christ's sovereignty as portrayed in Revelation chapters 1 – 3. 3x2=(6)

1.9 Why did Paul write to the believers in Philippi? Give TWO reasons. 2x2=(4)

1.10 Die leë graf was nie die enigste bewys vir Christene dat Jesus uit die dood opgewek is nie. Watter ander bewys kan hulle nog gee? (2)

1.11 Voltooi die ontbrekende dele. Skryf net die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer neer.

"Om te glo, is om 1.11.1 te wees van die dinge wat ons 1.11.2, om 1.11.3 te wees van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebr. 11:1) 3x2=(6)

1.12 Wat verstaan jy onder die uitdrukking: "God se besondere openbaring"? (2)

1.13 Deur wie word God die duidelikste aan Christene geopenbaar? (2)

1.14 Skryf neer Jesus se opsomming van die Wet soos opgeteken in Matt. 22:37 – 40. 2x2=(4)

1.15 Beantwoord die volgende twee vrae oor die Ons Vader-gebed:

1.15.1 Wat is 'n **doksologie**? (2)
1.15.2 Skryf die doksologie van die Ons Vader-gebed neer. (2)
**[80]**

## AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy gekies het.

### VRAAG 2

2.1 Wanneer die evangelie volgens Matteus gelees word, is dit opvallend dat dit vir Joodse lesers bedoel is. Bespreek die stelling aan die hand van voorbeelde uit die evangelie. (16)

2.2 Gee voorbeelde om te bewys dat Markus in fyn besonderhede skryf asof hy 'n ooggetuie was. (14)

2.3 Watter van Paulus se briewe het hy geskryf terwyl hy in 'n tronk was? Gee ook een hooftema van elke brief. (16)

2.4 Die brief van Jakobus behandel die praktiese toepassing oor hoe om 'n Christen te wees in die moderne wêreld van vandag. Bespreek die stelling. (10)

2.5 Bespreek die Boek Openbaring as 'n profeties-apokaliptiese geskrif. (24)
**[80]**

1.10 The empty tomb was not the only proof for Christians that Jesus had been raised from the dead. What other proof can they give? (2)

1.11 Complete the blank spaces. Write down the missing words next to the appropriate numbers.

To have faith is to be <u>1.11.1</u> of the things we <u>1.11.2</u> for, to be <u>1.11.3</u> of the things we cannot see." (Hebr. 11:1) 3x2=(6)

1.12 What do you understand by the expression: God's "general revelation"? (2)

1.13 Through whom is God most clearly revealed to Christians? (2)

1.14 Write down Jesus' summary of the Law as recorded in Matthew 22:37 – 40. 2x2=(4)

1.15 Answer the following questions based on the Lord's Prayer:

1.15.1 What is a **doxology**? (2)
1.15.2 Write down the doxology of the Lord's Prayer. (2)
**[80]**

## SECTION B
## INTRODUCTION TO THE NEW TESTAMENT

- Answer TWO questions from this section.
- Answer all the subsections of the questions that you choose.

### QUESTION 2

2.1 "When the Gospel according to Matthew is read it is clearly evident that the Gospel is intended for Jewish readers." Discuss this statement with examples from the Gospel. (16)

2.2 Give examples to prove that Mark writes in detail as if he was an eye-witness. (14)

2.3 Which of Paul's letters did he write while he was in a prison? Give one main theme of each letter. (16)

2.4 "The letter of James deals with the practical application of being a Christian in the modern world of today". Discuss this statement. (10)

2.5 Discuss the Book of Revelation as a prophetic-apocalyptic book. (24)
**[80]**

## VRAAG 3

3.1 Skryf aantekeninge oor die besondere wyse waarop taal en styl in die Evangelie volgens Markus gebruik word. (20)

3.2 Lukas beklemtoon die belangrikheid van gebed in sy Evangelie. Bespreek hierdie stelling. (16)

3.3 Bespreek die verhouding tussen Paulus en die gemeente in Filippi, met spesiale verwysing na Filippense 1:3 – 5

"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie." (24)

3.4 Bespreek die outeurskap van die Algemene Briewe van Johannes. (20)
**[80]**

## VRAAG 4

4.1 Reeds in die eerste eeu na Christus was Lukas 'n kampvegter vir menseregte. Gee bewyse vir hierdie stelling. (20)

4.2 In Paulus se brief aan die Filippense skryf hy:
"Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis!" (Filippense 3:1 – 2)

Bespreek die skielike verandering in die stemming van Paulus se brief en verduidelik wie die mense is wat die "besnydenis" verkondig. (14)

4.3 Die volgende versgedeeltes word aangehaal uit die eerste brief van Petrus. Lees die versgedeeltes deur en lewer kommentaar oor die onderstreepte woorde:

| | |
|---|---|
| 1 Petrus 1:1 | "Van (4.3.1) <u>Petrus</u>, (4.3.2) <u>'n apostel</u> van Jesus Christus. Aan die (4.3.3) <u>uitverkorenes</u> van God, vreemdelinge in die Wêreld..." |
| 1 Petrus 5:12 – 13 | (4.3.4) <u>Silvanus</u>, wat na my mening 'n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat (4.3.5) <u>hierdie dinge</u> die ware genade van God is. Staan hierin vas! Die gemeente in (4.3.6) <u>Babilon</u>, 'n uitverkore gemeente nes julle, asook (4.3.7) <u>Markus, my seun</u> stuur vir julle groete." |

(24)

4.4 Bespreek die bewyse wat daarop dui dat die apostel Johannes die boek Openbaring geskryf het. (22)
**[80]**

## QUESTION 3

3.1 Write notes on the special way that language and style is used in the Gospel according to Mark. (20)

3.2 Luke emphasizes the importance of prayer in his Gospel. Discuss this statement. (16)

3.3 Discuss the relationship between Paul and the Church in Philippi with special reference to Philippians 1:3 – 5.

"I thank my God for you every time I think of you and every time I pray for you, I pray with joy because of the way in which you have helped me in the work of the gospel from the very first day until now." (24)

3.4 Discuss the authorship of the letters of John. (20)
**[80]**

## QUESTION 4

4.1 "In the first century after Christ, Luke was already a campaigner for human rights." Give evidence of this conclusion. (20)

4.2 In Paul's letter to the Philippians he wrote:
"In conclusion, my brothers, be joyful in your union with the Lord. I don't mind repeating what I have written before, and you will be safer if I do so. Watch out for those who do evil things. Those dogs, those men who insist on cutting the body." (Philippians 3:1 – 2)

Discuss the sudden change in the tone of Paul's letter and explain his reference to "cutters". (14)

4.3 The following verses have been quoted from the first letter of Peter. Read the verses and write commentary on the underlined words.

| | |
|---|---|
| 1 Peter 1:1 | "From (4.3.1) <u>Peter</u>, (4.3.2) <u>an apostle</u> of Jesus Christ – to (4.3.3) <u>God's chosen people</u> who live as refugees scattered throughout the provinces..." |
| 1 Peter 5:12 – 13 | "I write this brief letter to you with the help of (4.3.4) <u>Silas</u>, whom I regard as a faithful Christian brother. I want to encourage you and testify that (4.3.5) <u>this</u> is the true grace of God. Stand fast in it. Your sister church in (4.3.6) <u>Babylon</u>, also chosen by God, sends you greetings and so does (4.3.7) <u>my son Mark</u>." |

(24)

4.4 Discuss the evidence which suggests that John the Apostle wrote the Book of Revelation. (22)
**[80]**

## VRAAG 5

5.1 Bestudeer die volgende verse:

| **Matteus 16:16** | **Markus 8:29** | **Lukas 9:20** |
|---|---|---|
| "Simon Petrus het geantwoord: 'U is die Christus, die Seun van die lewende God". | "Petrus antwoord Hom, U is die Christus!" | "Toe antwoord Petrus: "Die Gesalfde van God'." |

Bespreek die aard en oorsprong van die Sinoptiese Vraagstuk. (26)

5.2 Waarom is Paulus se briewe vandag nog van belang? (14)

5.3 Skryf aantekeninge oor die agtergrond en bestemming van die brief aan die Filippense. (16)

5.4 Indien die bewering gemaak sou word dat alles rakende die eskatologiese verwagting blote versinsel is, hoe sou jy 2 Petrus 3 as voorbeeld kan gebruik om hierdie bewering te weerlê? (24)
**[80]**

## AFDELING C
## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

## VRAAG 6

6.1 Bespreek die voorsienigheid, onderhouding en heerskappy van God oor Sy skepping. (18)

6.2 Verduidelik die drievoudige amp waartoe Christus gesalf is. (18)

6.3 Die derde gebod "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie" en die eerste bede van die Ons Vader-gebed sluit nou bymekaar aan. Verduidelik die verband wat hierdie gebod en bede met mekaar het. (12)

## QUESTION 5

5.1 Study the following verses:

| **Matthew 16:16** | **Mark 8:29** | **Luke 9:20** |
|---|---|---|
| "Simon Peter answered, 'You are the Messiah, son of the loving God.'" | "Peter answered, 'You are the Messiah.'" | "Peter answered 'You are God's Messiah.'" |

Discuss the origin and nature of the Synoptic Problem. (26)

5.2 Why are Paul's letters today still significant? (14)

5.3 Write notes on the background and the destination of the letter to the Philippians. (16)

5.4 If it should be stated that everything surrounding the eschatological expectation is mere fabrication, how would you use 2 Peter 3 as an example to contradict this statement? (24)

**[80]**

## SECTION C
### THE BIBLICAL BASIS FOR THE CHRISTIAN FAITH AND LIFE

- Answer TWO questions from this section.
- Answer all the subsections of the question that you choose.

## QUESTION 6

6.1 Discuss God's providence, sustenance and governance over His creation. (18)

6.2 Explain the threefold ministry to which Christ was anointed. (18)

6.3 The third Commandment "Do not use my name for evil purposes" links closely with the first petition of the Lord's prayer. Explain the relation between this commandment and the first petition. (12)

6.4 Lees die uittreksel en beantwoord die vraag wat daaroor gestel word.

> "Suid-Afrika is besig om hom bankrot te dobbel. Na raming is sowat 50 000 van die land se mense aan een of ander vorm van dobbel verslaaf. Dit het van hulle in die uiterste ellende en armoede laat verval en baie al tot misdaad en selfmoord gedryf."
>
> ***Rapport*** **(09-06-02)**

Identifiseer DRIE gebooie van die Wet wat oortree kan word as jy verslaaf raak aan dobbel. Gee redes vir elke besluit. (12)

6.5 Bespreek die bede: "laat U Koninkryk kom" volledig. (12)

6.6 Verduidelik kortliks die verband tussen die Koninkryk van God en die Kerk. (8)
**[80]**

## VRAAG 7

7.1 Hoe openbaar God Hom aan gelowiges deur die Skrif? (14)

7.2 Verduidelik kortliks wat onder die "Goddelike eienskappe" van die Heilige Gees verstaan word. (14)

7.3 Bespreek die doel van die Wet vir Christene onder die nuwe bedeling wat Jesus bewerk het. (22)

7.4 Lees die volgende uittreksel uit ***Mondstuk*** (Maart 2002) en oorweeg dit aan die hand van die vyfde gebod "Eer jou vader en jou moeder".

> "In enige beroep waar professionele mense saam met die teenoorgestelde geslag moet werk, en veral waar daar 'n ouderdomsverskil is, bestaan die moontlikheid dat misbruike mag plaasvind en dit is daarom wys dat daar streng wetlike en professionele strafmaatreëls sal wees om dit te voorkom en lede van die sosiale gemeenskap te beskerm."
> "Die kriminele wette van die land maak voorsiening vir die effektiewe strawwe teen kindermishandeling. Die opvoedkundige wette voldoen aan dieselfde vereistes."

7.4.1 Gee redes waarom God die vyfde gebod aan Christene gegee het. (10)

7.4.2 Waarom het gehoorsaamheid tog ook perke? (4)

7.4.3 Verduidelik die beloning vir gehoorsaamheid. (6)

7.5 Verduidelik wat Jesus bedoel het met die woorde:
"Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie." (10)
**[80]**

6.4 Read the extract and answer the question that follows:

> "South Africa is busy gambling herself into bankruptcy. It is estimated that about 50 000 of the country's people are addicted to some sort of gambling. This has led them to utmost suffering and poverty and many have resorted to crime and suicide."
>
> *Rapport* (09-06-02)

Identify THREE commandments that are broken if you become addicted to gambling. Give reasons for each decision. (12)

6.5 Explain fully the petition: "Thy kingdom come". (12)

6.6 Briefly explain the relationship between the Kingdom of God and the Church. (8)
**[80]**

## QUESTION 7

7.1 How does God reveal Himself through Scripture to believers? (14)

7.2 Explain briefly what is understood under the "divine characteristics" of the Holy Spirit. (14)

7.3 Discuss the aim of the Law for Christians under the new dispensation that Jesus brought about. (22)

7.4 Read the following extract from ***Mondstuk*** (March 2002) and consider it in the light of the fifth commandment "Respect your father and your mother."

> "In any occupation where professionals interact with members of the opposite sex, and especially where there are age differences, the possibility of abuse always exists and it is therefore imperative that there be strong legal and professional sanctions to prevent these and to protect clients of the social service concerned."
>
> "The criminal legislation of the country makes provision for effective sanctions against child abusers. The education legislation makes similar provisions."

7.4.1 Give reasons why God gave the fifth commandment to the Christians. (10)

7.4.2 Why does obedience also have limits? (4)

7.4.3 Explain the reward for obedience. (6)

7.5 Explain what Jesus meant by the words: "When you pray, do not use a lot of meaningless words, as the pagans do". (10)
**[80]**

## VRAAG 8

8.1 Bespreek die betekenis en implikasies van die naam **Jesus** en **Here**. (16)

8.2 Die Christen sien met verwagting uit na die "dag van die Here". Bespreek die doel van hierdie dag en dui aan wanneer sal dit plaasvind. (16)

8.3 Beskryf kortliks wat die gelowige volgens die Bybel van die ewige lewe kan verwag. (8)

8.4 Verduidelik wat bedoel word met die stelling: Die een algemene kerk waarvan Christus die Hoof is. (18)

8.5 Lees die volgende inligting in verband met die Khulisa-program:

> "Binne die raamwerk van regstellende geregtigheid en onder leiding van Khulisa-fasiliteerders word slagoffers en hul aanvallers nou vir die eerste keer bymekaar gebring.
>
> Deur in die openbaar om verskoning te vra en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul dade, gee voormalige oortreders 'n belangrike tree om hulle weer deel van die gemeenskap te maak en 'n produktiewe bydrae te lewer."
>
> ***Beeld*** (21/02/2003)

Met die oog op wat die Bybel ons leer oor sondebesef, verandering van hart en vergifnis, bespreek hierdie Khulisa-progam as 'n daad wat spreek van liefde teenoor jou naaste. (12)

8.6 Verduidelik kortliks waarop geloof in God gebaseer is. (10)

**[80]**

## VRAAG 9

9.1 Beskryf God die Vader se verhouding teenoor die mens, met besondere verwysing na:

9.1.1 Wat is 'n Bybelse verbond? (8)
9.1.2 Die natuurverbond (6)
9.1.3 Die genadeverbond (6)

9.2 Noem en bespreek die name van God in die Ou Testament. (20)

9.3 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het." Hierdie inleiding plaas die Tien Gebooie binne die omstandighede waarin hulle gegee is.
Bespreek die inleiding volledig. (16)

9.4 Bespreek die laaste DRIE bedes van die Ons Vader-gebed. (24)

**[80]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**

## QUESTION 8

8.1 Discuss the meaning and implications of the names **Jesus** and **Lord**. (16)

8.2 The Christian looks forward to "the day of the Lord". Discuss the purpose of this day and when it will take place. (16)

8.3 Give a brief description according to the Bible, of what a believer can expect of eternal life. (8)

8.4 Explain what is meant by the statement: The one universal church of which Christ is the Head. (18)

8.5 Read the following information regarding the Khulisa programme:

> "Within the framework of affirmative justice and under the leadership of Khulisa facilitators, victims and their attackers are brought together.
>
> Asking for forgiveness in public and taking responsibility for their deeds lets the former perpetrators take an important step to becoming part of the community again and making a productive contribution.
>
> ***Beeld*** **(21/02/2003)**

With regard to what the Bible teaches us about realisation of guilt, change of heart and forgiveness, discuss the Khulisa programme as an act of love towards your fellow men. (12)

8.6 Briefly explain what faith in God is based upon. (10)
**[80]**

## QUESTION 9

9.1 Describe God the Father's relationship with human beings, with special reference to:

9.1.1 What is a Biblical covenant? (8)
9.1.2 The covenant of nature (6)
9.1.3 The covenant of grace (6)

9.2 Identify and discuss the names of God in the Old Testament. (20)

9.3 "I am the Lord your God, who brought you out of the land of Egypt, out of the house of bondage."

This prologue places the Ten Commandments within the context in which they were given.
Discuss the prologue in detail. (16)

9.4 Discuss the last THREE petitions of the Lord's prayer. (24)
**[80]**

**TOTAL: 400**

**END**